

Hoe om Bybelskool.com te gebruik

Die motto van die Bybelskool

?Let the word of Christ ? the Message ? have the run of the house. Give it plenty of room in your lives. Instruct and direct one another using good common sense. And sing, sing your hearts out to God! Kol 3:16 in The Message.

Hierdie woorde van Eugene Peterson verwoord op 'n besondere manier hierdie Bybelskool se motto:

Die Woord is 'n huis om in te woon

My passie is om die skatte van die Woord só oop te sluit vir mense dat hulle daarvan 'n woonplek maak, 'n ruimte waarbinne hulle God ontmoet en waardeur Hy 'n lewende metgesel op hul reis deur die wêreld raak.

Bybelskool.com fokus op 'n hoofstuk-vir-hoofstuk lees van die hele Bybel

Hierdie Bybelskool fokus op 'n **hoofstuk-vir-hoofstuk lees van die Bybel** om jou te help om die stem van God te kan hoor. Daar is reeds [60 Bybelboeke beskikbaar](#) wat jy op die webtuiste kan lees. [Klik op die skakel](#) en kies die boek wat jy wil lees. Al 27 NT en 33 (van die 39) OT Bybelboeke is reeds beskikbaar om deur te werk. Dit is gratis.

Daar is altyd 'n inleiding van hoe jy die Bybelboek kan lees, 'n inleiding op die Bybelboek self, en dan skakels na 'n hoofstuk-vir-hoofstuk lees regdeur die Bybelboek.

Onthou ook: om die Bybelboek wat ek tans hanteer (en toekomstiges) saam met my deur te lees, en dié e-posse te ontvang soos ek dit skryf, moet jy net jou e-pos op die voorblad in die ruimte aan die regterkant bo invul. Of volg [hierdie skakel](#).

Hoe om die bydraes hier te gebruik

Die Bybel moet ons lewe vorm. Daarom is dit nodig dat ons leer om die Bybel te leef terwyl ons dit lees. Daardeur hoor ons die stem van God in die Bybel, leer ons hoe om Jesus prakties te volg, en skryf die Gees ons in God se verhaal met die wêreld in.

Hier is opsies vir persoonlike stiltetyd, Bybelstudiegroepe en Bybelskole:

Vir persoonlike stiltetyd

1. Lees, luister, leef

Ek stel voor dat jy die volgende metodiek gebruik wat gebaseer is op Lectio Divina en die luistersiklus van die [Seisoen van Luister](#):

LEES ? Raak stil voor die Here. Lees die hoofstuk of teksgedeelte deeglik deur, desnoods 2 of 3 keer, hardop as dit kan. Wat tref jou? Let op vir temas in die gedeelte. Wat sê dit van God? Wat sê dit van mense? Wat sê dit van die wêreld? Soek vir een sleutelgedagte wat jou besonderlik tref. Skryf dit in jou joernaal neer. **Lees dan wat ek geskryf het oor die hoofstuk of teksgedeelte en dink na oor wat jou daarin tref.**

LUISTER ? Dink na oor wat God vir jou deur die sleutelgedagte of iets wat jou in my skrywe daaroor getref het, wil sê. Waar raak hierdie gedagte jou lewe in die praktyk? Wat vra dit van jou? Wat belowe dit vir jou? Wat moet jy dink of doen daarmee? Wat is die kern van die boodskap van dié teks vir jou dag en lewe?

LEEF ? Besluit hoe jy daarop gaan reageer. Sê dit vir die Here in gebed. Skryf dit in jou joernaal. Geniet Sy teenwoordigheid. Laat die boodskap wat God jou gee met jou saamgaan deur die dag. Leef dit uit.

Die prosen sal gou só deel van jou manier van lees word, dat jy dit eintlik outomaties sal kan doen: **lees, luister, leef.**

2. Lectio Divina

Indien jy 'n meer omvattende Lectio Divina metodiek wil gebruik, kan jy hierdie een van Alice Fryling (The Art of Listening: 2003) gebruik wat ek self baie sinvol vind. Dit werk met 6 bewegings:

Silencio ? kom tot rus voor God en aanvaar die uitnodiging om in Sy teenwoordigheid te wees. Gebruik musiek, óf 'n Psalmvers,

óf 'n meditasie oefening, óf net die stilte van die omgewing. Dink na oor wat sleg was die afgelope dag (week). Vra die Here vir vergifnis, verandering, vertroosting. Dink na oor wat goed was die afgelope dag (week). Sê vir die Here dankie daarvoor. Bid vir insig in jou lees van die Bybel.

Lectio ? lees die Skrifgedeelte, hardop indien moontlik, en fokus op die verse of gedagtes wat jou tref. Dink na oor temas in die gedeelte. Wat sê dit van God? Wat sê dit van mense? Wat sê dit van die wêreld? Soek vir een sleutel gedagte wat jou besonderlik tref. Skryf dit in jou joernaal neer. Lees my bydrae en dink na oor wat jou daarin tref.

Meditatio ? kies een gedagte, en oordink die praktiese impak van die gedagte op jou lewe. Dink na oor wat God vir jou deur die sleutel gedagte wil sê. Waar raak die gedagtes in die Bybel jou lewe in die praktyk? Wat vra dit van jou? Wat belowe dit vir jou? Wat moet jy dink of doen daarmee? Wat is die boodskap van dié gedagte vir jou dag en lewe? Besluit hoe jy gaan reageer daarop.

Oratio ? antwoord God in gebed daarop. Fokus op dit wat jy ervaar die Here op jou hart lê. Doen ook voorbidding. Skryf dit alles neer in jou joernaal.

Contemplatio ? geniet God se teenwoordigheid sonder om te praat. Dit kan 'n paar minute wees of langer. Spandeer een keer 'n week 'n bietjie meer tyd hieraan.

Incarnatio ? wees gehoorsaam aan wat God sê. Laat die boodskap wat God jou gee met jou saamgaan deur die dag. Leef dit uit.

Op 'n ander plek het ek ook 'n verkorte weergawe van bogenoemde ses stappe gegee:

Kom tot rus ? fokus op jou asemhaling, sit gemaklik, gee jou kommer vir die Here (Silencio)

Lees die hoofstuk ? lees dit biddend, lees die bydraes wat ek daarvoor skrywe (Lectio)

Oordink die betekenis van die hoofstuk ? kies 'n vers of woord uit die hoofstuk wat jou ruk/troos/uitdaag en oordink die praktiese betekenis daarvan vir jou (Meditatio)

Antwoord die Here in gebed ? fokus op wat jy gehoor het; jy kan ook hier voorbidding doen (Oratio)

Geniet God se teenwoordigheid ? doen dit sonder woorde (Contemplatio)

Wees gehoorsaam aan God ? gaan doen wat jy gehoor het (Incarnatio)

Vir Bybelstudiegroepe

Laat elkeen by die [webtuiste](#) inskryf en die bydraes vir hulle persoonlike stiltetyd gebruik soos hierbo beskryf. Julle kan 'n hoofstuk 'n dag of 'n hoofstuk 'n week lees, of selfs oor 'n langer tydperk.

Gebruik dan die volgende prosesse vir julle byeenkoms:

LEES ? Raak stil voor die Here. Gebruik van die voorstelle hierbo van die Silencio van Lectio Divina. Laat elkeen een kort teksgedeelte voorlees uit die hoofstukke wat julle gelees het, en deel wat hom of haar daarin getref het. Gebruik julle joernale. Deel dan met mekaar watter temas julle raakgesien het in die onderskeie bydraes. Watter ander gedagtes wil julle byvoeg? Wat sê dit van **God**? Wat sê dit van **mense**? Wat sê dit van die **wêreld**?

LUISTER ? Dink na oor wat God vir julle as groep deur al die gedagtes wil sê. Waar raak hierdie gedagtes julle lewe in die praktyk? Wat **vra** dit van julle? Wat **belowe** dit vir julle? Wat moet julle **dink** of **doen** daarmee? Wat is die kern van die boodskap van dié teks vir julle lewe?

LEEF ? Besluit hoe julle daarop gaan reageer. Sê dit vir die Here in gebed. Doen ook voorbidding. Geniet Sy teenwoordigheid. Laat die boodskap wat God julle gee met julle saamgaan tot die volgende byeenkoms. Leef dit uit.

Vir Bybelskole

Indien die stof in 'n Bybelskool hanteer word, en daar baie deelnemers is, kan die groep óf in kleiner groepe opgedeel word, met 'n kleingroepelieder wat die gesprek in elke kleiner groep begelei, waarna terugvoer gegee word aan die hele groep. Óf die leier van die Bybelskool kan in wisselwerking met die groep meer tyd spandeer om hulle insigte en vrae te fasiliteer en hoofstuk vir hoofstuk of tema vir tema deur die Bybelteks werk.

Fokus telkens op wat die afgelope week se leeswerk vir julle van God sê, van mense, en van die wêreld. Probeer om deelnemers se

verstaan van die Bybelteks op te helder, veral in die hantering van hulle insigte en vrae. Lei die gesprek altyd ook in die rigting van die **betekenis** daarvan vir julle as gemeente, en vir elkeen persoonlik. En beklemtoon dat ons eers regtig die teks verstaan wanneer ons begin om dit wat ons lees ook uit te **leef**.

by Chris van Wyk